13.13 BESKRYWINGSPUNT STREEKSINODE VRYSTAAT EN KWAZULU-NATAL RAKENDE DIE PUBLISERING VAN DIE FINANSIËLE STATE IN DIE ACTA VAN DIE ALGEMENE SINODE (Art 198)

13.13 POINT OF DESCRIPTION REGIONAL SYNOD FREE STATE AND KWAZULU-NATAL REGARDING THE PUBLICATION OF THE FINANCIAL STATEMENTS IN THE ACTA OF THE GENERAL SYNOD (Art 198)

A. Ds AJ Burger stel die Beskrywingspunt.
Rev AJ Burger tables the Point of description.

B. Die Beskrywingspunt word staande die Sinode afgehandel.
The Point of description will be concluded during the Synod session.

C. **BESKRYWINGSPUNT / POINT OF DESCRIPTION**

1. Voorstel Dat finansiële state nie ingesluit word in die gedrukte Handelinge (Acta) van die Algemene Sinode nie, maar dat die Administratiewe Buro 'n elektroniese weergawe daarvan sal bewaar om slegs op versoek beskikbaar te stel. **Besluit: Kennis geneem.**	**1. Proposal** That financial statements should not be included in the printed Acta (Handelinge) of the General Synod, but be retained electronically by the Administrative Bureau, to be made available electronically on request only. **Decision: Noted.**
2. Motivering Die Handelinge (Acta) word saamgestel volgens die handleiding wat daarvoor goedgekeur is deur die 1985 Nasionale Sinode Potchefstroom (1985:51-54). Daardie besluit het geen verwysing rakende insluiting of uitsluiting van finansiële state in die Acta nie. Alhoewel die finansiële state baie belangrik is, word dit tipies maar deur 'n klein aantal individue en partye gebruik. Hierdie state voeg egter 'n wesentlike en oënskynlik toenemende volume by die Acta soos in die onderstaande tabel aangetoon. Uitsluiting van die finansiële bladsye uit die gedrukte Acta sal 'n wesentlike besparing van papier en koste teweegbring. Dit sal die Handelinge ook dunner maak en makliker om te gebruik. Uitsluiting van die state uit die Handelinge sal geen toegang tot die state self belemmer nie aangesien dit maklik op versoek bekom kan word in elektroniese formaat.	**2. Motivation** The Acta is compiled according to the manual (handleiding) approved by the 1985 National Synod Potchefstroom (1985:51-54). This decision has no reference regarding the inclusion or the exclusion of financial statements in the published Acta. The financial statements are very important but typically only referenced by a limited number of interested parties. These statements adds a very significant volume to the Acta and seems to be on the increase, as indicated in the table below. Excluding the financial statements from the printed Acta, but still being available on request, would save a significant amount of paper and cost. It would also make the Acta less bulky and easier to use. It would not impede at all on those that need to access the financial statements as it would be easily available on request.

Algemene Sinode General Synod	Totale Bladsye Total Pages	Finansiële Bladsye Financial Pages	Finansiële Bladsye as % van Totaal Financial pages % of Total	Kopieë van Acta gedruk** Copies Printed**	Finansiële Bladsye gedruk Financial Pages printed
2009*	1032 (Jan + Jun)	181	18	500	90 500
2012	896	372	42	350	130 200
2015	962	425	44	400	170 000

*Totale bladsye sluit verlengde vergadering van Junie in
*Total pages includes continued meeting of June
**Rapporte van verskeie Deputate oor vorige Sinode se uitgee van Acta
**Reports from various Deputies regarding publishing of that respective Acta

Besluit: Kennis geneem.
Decision: Noted.

3. Aanbeveling Daar word aanbeveel dat die Algemene Sinode 2018 GOEDKEUR dat die finansiële state nie ingesluit word in die gedrukte Handelinge van die Sinode nie, maar dat dit elektronies beskikbaar sal wees by die Administratiewe Buro wat dit op versoek beskikbaar sal stel. **Besluit: Goedgekeur.**	**3. Recommendation** It is recommended that the 2018 General Synod APPROVES that financial statements would not be included in the printed Acta, but retained electronically by the Administrative Bureau to be made available on request only. **Decision: Approved.**